ARTIKEL 51 HANDLEIDING VIR COETZEES INGELYF SOOS VEREIS DEUR DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING: WET 2 VAN 2000, SOOS GEWYSIG

Die hoofbesigheid van Coetzees Ing is die van Prokureurs, Notarisse, Aktevervaardigers en Belastingpraktisyns.

INDEKS:

1. Kontak besonderhede.
2. Artikel 10 gids van hoe om die Wet te gebruik.
3. Kennisgewing in terme van Artikel 52(2) van die Wet.
4. Rekords beskikbaar in terme van enige ander Wetgewing.
5. Inligting / Dokumente gehou deur Coetzees Ing in terme van die Wet.
6. Ander inligting (Artikel 51(1)(f) van die Wet).
7. Beskikbaarheid van die handleiding (Artikel 51(3) van die Wet).

1. KONTAK BESONDERHEDE

Naam van die liggaam	COETZEES ING
Registrasienommer:	2004/007174/21
Direkteur en Inligtingsbeampte	JACOB PETRUS COETZEE
Fisiese Adres	Buitenstraat 25 PARYS VRYSTAAT
Posadres	Posbus 5 PARYS 9585
Docex	3, PARYS
Telefoonnommers	(056) 811 2136/7/8
Faksnommer	(056) 811 2239
E–Pos adres	mail@coetzs.co.za
Webblad	www.coetzs.co.za

2. ARTIKEL 10 GIDS VAN HOE OM DIE WET TE GEBRUIK

In terme van die bepalings van Artikel 10 van die Wet sal ‘n gids deur die Suid–Afrikaanse Menseregtekommissie saamgestel word met inligting wat verlang mag word deur ‘n persoon wat ‘n reg wil uitoefen soos beoog in die Wet. Die gids sal beskikbaar gemaak word deur die SAMK in al die amptelike tale en is verkrygbaar by die SAMK.

Kontakbesonderhede van die Suid–Afrikaanse Menseregtekommissie is soos volg:

PAIA Eenheid
Navorsing– en dokumentasieafdeling
Privaatsak 2700
HOUGHTON
2041

Telefoonnommer:	+27 11 434 8300
Faksnommer:	+27 11 484 0582 / 1360
Webblad:	www.sahrc.org.za
E–Posadres	PAIA@sahrc.org.za

3. KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 52(2) VAN DIE WET

Op hierdie stadium is geen kennisgewing(s) gepubliseer nie.

4. REKORDS BESKIKBAAR IN TERME VAN ENIGE ANDER WETGEWING

Coetzees Ing hou moontlik inligting/dokumente ingevolge die volgende wetgewing:

- Insolvensiewet, No. 24 van 1936 (Artikels 134 en 155)
- Wet op Pensioenfondse, No. 24 van 1956
- Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962 (Artikel 75)
- Die Wet op Kopiereg, No. 98 van 1978
- Wet op Prokureurs, No. 53 van 1979
- Wet op Streeksdiensterade, No. 109 van 1985
- Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, No. 89 van 1991 (Artikel 65)
- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No. 85 van 1993
- Wet op Arbeidsverhoudinge, No. 66 van 1995
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, No. 75 van 1997 (Artikel 31)
- Wet op Gelyke Indiensneming, No. 55 van 1998 (Artikel 26)
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling, No. 97 van 1998
- Wet op die Heffing van Vaardigheidsontwikkeling, No. 9 van 1998
- Werkloosheidsversekeringswet, No. 63 van 2001

Bogenoemde rekords, insoverre dit van ‘n publieke aard is, is outomaties beskikbaar sonder dat ‘n persoon toegang daartoe hoef te versoek in terme van die Wet soos verlang in Artikel 52.

5. INLIGTING/DOKUMENTE GEHOU DEUR COETZEES INGELYF IN TERME VAN DIE WET

Coetzees Ingelyf hou inligting/dokumente soos hierna aangedui:

- Inligting ten opsigte van die operasionele -, handels- en finansiële belange van Coetzees Ingelyf;
- Kontrakte;

- Kliënte databasis (persoonlike inligting van kliënte, handels- en finansiële inligting, inligting ten opsigte van voorgenome, bestaande- en afgehandelde litigasie, inligting ten opsigte van ooreenkomste, voorstelle en intellektuele goedere van sodanige kliënte);
- Standaard indiensnemingskontrakte;
- Verslag oor vaardigheidsontwikkeling;
- Coetzees Ingelyf personeel verslae;
- Menslike hulpbronne (persoonlike inligting van gewese en huidige werknemers, vennote en direkteure;
- Lys van Handelsmerke en hangende aansoeke;
- Versekeringspolisse;
- Reëls en regulasies met betrekking tot sy pensioenfonds;

Enige en alle inligting/dokumente wat versoek word van die voormelde, sal slegs beskikbaar gemaak word aan ‘n versoeker onderhewig aan die bepalings van die Wet. Geen inligting wat deur Coetzees Ingelyf gehou word is outomaties bekombaar sonder dat ‘n persoon toegang daartoe versoek in terme van en onderhewig aan die bepalings van die Wet nie.

‘n Versoek om inligting moet in die voorgeskrewe vorm wees, gerig aan die inligtingsbeampte en teen betaling van die voorgeskrewe gelde.

6. ANDER INLIGTING
(Artikel 51(1)(f) van die Wet)

Die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling het tot op datum nog nie enige regulasies in terme van hierdie artikel gepubliseer nie.

7. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING
(Artikel 51(3) van die Wet)

1. Die Handleiding is gratis beskikbaar vir inspeksie by die kantore van Coetzees Ingelyf.

2. Afskrifte van die Handleiding kan verkry word by die kantore van Coetzees Ingelyf, onderhewig aan betaling van die voorgeskrewe fooi.

3. Toegang kan tot die handleiding bekom word op die webblad van die SAMK (www.sahrc.org.za) en sal gepubliseer word in die staatskoerant.

4. Die handleiding wat bekombaar is op die webblad van die SAMK en in die Staatskoerant bevat nie die voorgeskrewe vorms en fooiestrukture nie. Die vorms en fooiestruktuur kan verkry word op die webblad van die SAMK (www.sahrc.org.za) of die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling (www.doj.gov.za) (onder “regulations”).